

Genesing is 'n keuse


Om te genees, moet ons in die eerste plek kies om 'n konneksie met ander te maak, in plaas daarvan om te isoleer en weg te kruip. Ons luister dikwels na baie leuens wat verhoed dat ons genees, soos:

- Dit het lank gelede gebeur: tyd genees mos alle wonde.
- Dit gaan (oënskynlik) goed met my; waarom nou hulp soek?
- Al wat ek nodig het om te genees, is God en niemand anders nie.

Daar is nog baie ander leuens wat verhoed dat mense genesing kry, maar die mees algemene een wat verhoed dat mense met ander konnekteer en dus geïsoleer van ander bly, is hierdie laaste een:

- Al wat ek nodig het om te genees, is God en niemand anders nie.

Hierdie leuen is eintlik 'n vorm van ontkenning. 'n Mens kan jouself en ander ook net so lank probeer oortuig dat daar geen probleem is nie. Dan sluip die realiteit in en jy en ander sien jou situasie vir wat dit is. Blatante ontkenning lyk net dwaas. So later erken jy dat die lewe nie perfek was nie. Jy is bereid om te erken dat daar iets is wat aandag nodig het. Jy erken iets, maar ontken dat dit aandag van ander mense nodig het. In plaas daarvan om net geïsoleer in jou eensame grot te bly, sleep jy God daarby in en verwag van Hom om elke behoefte te vervul en elk pyn te genees. Dan gebeur dit nie, want dit is nie deel van God se plan nie. God se plan vir ons is om met ander te konnekteer en so genesing in mekaar se lewens te fasiliteer.



Ons wil nie hê dit moet waar wees nie. Ons wil dit op ons eie maak. Ons wil nie oop en eerlik wees nie. Ons is bang vir ander se verwerping. Ons wil net alleen gelos word.

Jy mag 'n paar mooi verskonings hê om nie met ander te konnekteer nie, maar God het 'n paar goeie redes om dit wel te doen.

God se waarheid

God se manier vir genesing is dat ons met mekaar moet saamwerk en daar moet wees vir mekaar – aan mekaar verbind (Romeine 12:15; 15:14; 1 Korintiërs 12:25; Efesiërs 4:2; Jakobus 5:16; Galasiërs 6:2).

Die Bybel stoot ons terug na mekaar toe. God bring ons terug na mekaar toe wanneer ons wil wegkruip. Ons is gebore vir konneksie. Dit onderhou en genees ons. Isolasië is die weg van die dwaas. Konneksie is die weg van God.



Die probleme met konneksie

Konneksie met ander is gewoonlik baie moeilik. Een rede is dat ons onervare is: ons word nie so groot gemaak om met ander te konnekteer nie.

Waar sommige mense onervare is met konneksie, is dit juis ervaring by ander mense wat hulle van konneksie weghou. Soms verrai die mees gekonnekteerde en intieme verhoudings jou. Iemand wat jy vertrou het, het jou in die rug gesteek en jy het toe gekies om jouself te beskerm deur te isoleer.



Dit kan ook gruwelik wees om in 'n verhouding te wees met iemand wat jou versmoor en probeer beheer en wat jou net vir sy eie gemak en sekuriteit wil hê.

Op die ou einde word vrees die grootste struikelblok in die pad na intieme konneksies.

Moeilike vereistes van konneksie

Intieme konneksie verwag van ons om te treur oor die verlies van sommige drome, die realiteit te aanvaar vir wat dit is en aan te beweeg ten spyte van ons pyn en teleurstelling. Dink aan ouers wat die beste vir hulle kinders wou gehad het en gedroom het van 'n gelukkige en gesonde gesin, net om te eindig met stukkende drome en ondraaglike pyn. Ouers kan dan of hulself jammer kry, of kies om die gesin te genees en intieme, egte verhoudings te bou – meestal vir die eerste keer.



Intieme konneksie genees nie net die persoon self nie, maar die hele gesin. Genesing ontspruit wanneer jy jou manier van optrede verander van selfbeskerming of om ander tereg te wys na intieme konneksie. Jy modelleer intieme konneksie aan jou kinders en hulle versprei die konneksievirus na ander. Dit word dan 'n lewenswyse wat genesing bevorder in plaas van die ou manier van diskonneksie wat jou beroof van die koestering van ander wat vir genesing nodig is.

Intieme konneksie vereis **onselfsugtige** liefde:

- Liefde vir God, al het Hy nie die pyn en tragedie verhoed nie;
- Liefde vir ander soos God jou liefhet;
- Liefde vir jouself omdat jy 'n waardevolle skepsel van God is.



Hierdie soort liefde genees gebroke gesinne. Dit lê die grondslag vir die genesing en koestering wat nodig is. Dit motiveer jou om jouself oor te gee aan die realiteit wat jou in die gesig staar. Oorgawe aan God en om God toe te laat om oor te neem is nooit maklik nie, maar dit laat God se genesende krag toe om die weg tot genesing aan te wys, eerder as ons nuttelose pogings om te beheer en te manipuleer.

Genesing is 'n keuse en dit begin by 'n keuse om aan God se manier oor te gee in plaas van jou eie manier. Voor ons dus op die genesingspad begin loop, moet ons seker maak dat ons werklik God se manier van genesing wil hê en nie ons eie nie.

Indien jy moeg is daarvan om van God en van ander weg te hardloop, oorweeg God se beloftes wanneer jy met Hom konnekteer en Hom vertrou (Matteus 11:28-30).

Intieme konneksie met God is noodsaaklik vir ons genesing, maar dit is nie genoeg nie. Ons moet ophou met hierdie “God alleen” mentaliteit en na ander uitreik. In nederigheid kan ons ‘n nuwe manier van konneksie met ander begin wat essensieel vir ons genesing is.

Moenie verder gaan voordat jy nie stop en kies om met God te konnekteer nie. Neem dan die genesende keuse om met ander te konnekteer – mense wat jou kan help om te genees en die lewe in sy volheid te beleef.

Genesing is ‘n keuse. Dit is die keuse om te konnekteer.

